# Gesins Gebedsaand: Liefde

## Doel van les:

- Ons hou gebedsaand wat aansluit by die liefde.

## Vrae om die aand mee af te skop:

Wat is van die dinge waarvoor jy lief is?

Wie is van die mense vir wie jy lief is?

Is jy op dieselfde manier lief vir die dinge as wat jy vir die mense is?

Is God lief vir jou?

Hoe weet jy dit? (Laat hulle antwoorde gee en kyk of jy hulle kan lei na God het Jesus gestuur om aan die kruis te sterf vir ons sondes.)

## Koekie illustrasie:

Koop 'n groot koekie en ook 'n pakkie met kleiner koekies. Plaas die groot koekie op 'n bordjie en sit 'n plakker op die bordjie wat sê: God se liefde. Neem een van die kleiner koekies uit die pakkie en plaas dit op 'n ander bordjie. Hou die res van die kleiner koekies eers eenkant sodat die kinders dit nie kan sien nie. Sê: Ons het nou bietjie gesels oor verskillende soorte liefdes. Ons het gepraat oor liefde vir dinge en hoe ons bv. lief is vir familie, vriende, ens. (Nou is dit tyd vir die "big reveal". Haal altwee bordjies uit. Vertel vir die kinders hoe die klein koekie baie soos ons as mens se liefde is. Wys nou na die bordjie met die groot koekie. Verduidelik hoe God se liefde groter, dieper en beter is as wat ons ooit kan dink.

**Aktiwiteit 1:** Gee vir elkeen 'n koekie en laat hulle 'n prentjie teken oor hoe groot God se liefde is.

**Tyd vir bid:** Sê vir God dankie vir Sy groot liefde.

**Aktiwiteit 2:** (Maak voor die tyd 'n groot hand uit karton of teken 'n groot hand op ongedrukte koerantpapier. Plak dit teen die muur.) Lees saam Jesaja 49:16. Laat elkeen na hulle hande kyk en dink wat hierdie vers beteken. Kry terugvoering van elkeen oor hoe hulle voel oor wat gelees is. Elkeen kry nou 'n kans om hulle naam in die hand te gaan skryf.

**Tyd vir bid:** Vertel vir God hoe jy voel om te weet dat Hy jou so liefhet.

**Aktiwiteit 3:** Gee vir elkeen 'n hartjie lekker. Laat hulle dit oopmaak en vashou.

**Tyd vir bid:** Terwyl hulle dit eet moet hulle dink aan iemand vir wie hulle lief is en vir daardie persoon bid.

**Aktiwiteit 4:** (Gee vir elkeen 'n stukkie papier en 'n pen) Dink aan iemand vir wie jy sukkel om lief te hê. Dit kan dalk jou boetie of sussie wees of iemand in jou klas. Skryf die naam van daardie persoon op die papiertjie en vou dit toe. Hou dit vas in jou hand.

**Tyd vir bid:** Bid nou vir daardie persoon wie jy sukkel om lief te hê. Vra vir God om jou maniere te wys hoe om vir daardie persoon lief te wees.

**Aktiwiteit 5:** Gee vir elkeen 'n stuk klei. 'n Afgod is iets of iemand in jou lewe wat vir jou belangriker as God is. Daar is baie dinge wat afgode kan raak. Dit kan 'n persoon wees, vir party mense is dit geld, karre, hulle selfoon of televisie. Raak gou 'n oomblik stil en vra God om jou te wys wat daar in jou lewe is wat dalk belangriker as Hy is. In Eksodus 32 lees ons hoe die Israeliete 'n goue kalf as afgod vir hulle gemaak het. (Julle kan die gedeelte saam as gesin lees.) Kom ons elkeen maak nou uit die klei 'n kalf.

**Tyd vir bid:** Plaas die kalf voor jou neer. Elkeen kry nou kans om by hulself te bid en vir God te vra dat Hy altyd eerste in hulle lewens sal wees. Dat hulle Hom altyd die liefste sal hê. Wanneer hulle klaar gebid het, kan hulle die klei kalf plat druk.